

Jesus is genoeg!

- Wysmuis: Hallo maats! Oooo dis lekker om terug te wees by die kerk. En dis heerlijk om julle almal weer te sien!
- Stoffel: Môre, al julle maatjies en Wysmuis!
- Wysmuis: Môre, Stoffel! Is jy ook bly om terug te wees?
- Stoffel : Huh.... Terug by die skool?
- Wysmuis: Nee man, terug by die kerk.
- Stoffel: O ja, somer baaie bly om by die kerk te wees. Ek nie so seker van skool nie....
- Wysmuis: Hoe dan so , Stoffel?
- Stoffel: Mmmmm... Juffrou het gesê ons gaan die kwartaal somer baie somme doen en ek weet nie meer so lekker van somme nie. Die vakansie was te lank. Ek het as vergeet!!
- Wysmuis: So van vakansie gepraat, het jy ook so lekker vakansie gehou soos ek?
- Stoffel : O jaaaaaaa! Raai net wat het ons als gedoen, ou Wysmuis.
- Wysmuis: Wat het julle als gedoen?
- Stoffel: Ooooo, ons het op my oom se plaas gaan jag en toe skiet my oom sowaar 'n reuse koedoe! En toe was ons nog Avontuurweek toe! En toe nog Addo Olifantpark toe ook!
- Wysmuis: Sjoue , Stoffel! Lyk my jy was omtrent bedrywig! Klink my na 'n heerlike vakansie!
- Stoffel: O dit was! Alles was lekker behalwe miskien vir die feit dat Lizzy saam was!
- Wysmuis: Hoe bedoel jy dan nou, Stoffel ? Ek het gedink jy en Lizzy is maats?
- Stoffel : Mmmmm..... wel... ek weet nie meer so lekker nie.....na die vakansie dink ek Lizzy is net nie meer lus vir my nie.
- Wysmuis: Lyk vir my jy het n skuldige gewete ,Stoffel? Ek dink ek moet haar roep sodat ons kan uitvind wat jy die vakansie aangevang het..Lizzy! Lizzy!
- Stoffel: Ehhhh ek dink ek moet nou eers gaan Ek dink my ma het my geroep!
- Wysmuis: Jy gaan nêrens nie , Stoffel, tot ons by Lizzy gehoor het wat jy aangevang het nie.
- [Lizzy kom op]
- Lizzy: Waarom pla julle my? Ek is baaie besig.
- Wysmuis: Waarmee, Lizzy?
- Lizzy : Ek is besig om 'n lys te maak van al Stoffel se stoute goed!
- Stoffel: O gaats , hier kom moeilikheid!
- Wysmuis: Wat?
- Lizzy: Die hele vakansie was hy baie lelik met my! Hy het my geterg en geboelie!
- Wysmuis: Ag nee, Stoffel, is dit wat jy die vakansie gedoen het?
- Stoffel: [skaam] Ja.....miskien....
- Lizzy: MISKIEN! Hy wou my nie uitlos nie. As ek wou boek lees, het hy kort-kort my boek gestamp en as ek wou TV kyk, het hy die TV afgesit, en as ek met my Barbies wou speel , het hy hulle gegryp en weggehardloop.
- Wysmuis: Is dit waar, Stoffel?
- Lizzy: En dis net die begin! Nou maak ek 'n lys van al sy stoute goed wat hy hierdie vakansie gedoen het, dan gaan ek dit vir almal wys sodat hulle kan weet hoe stout hy is!
- Wysmuis: Haai Lizzy, dit is erg, maar dit lyk vir my of jy besig is om boek te hou van die kwaad.
- Lizzy: Ja, van Stoffel se kwaad.

Wysmuis: Ek dink nie dis wat die Here wil hê jy moet doen nie.
Stoffel: Nee, ek ook nie.
Lizzy: Maar ek het hom gewaarsku, maar hy wou my nie uitlos nie. Nou sal hy maar die gevolge moet dra!
Wysmuis: Dit maak nie saak nie. Die Bybel sê ons moet mekaar vergewe.
Stoffel: Ja, hoor jy, Lizzy, die Bybel sê jy moet my vergewe.
Lizzy: Wat dan van my lys?
Wysmuis: Ek dink jy moet dit weggooi.
Stoffel: O dankie tog!
Lizzy: Maar wat van Stoffel se stoute goed?
Wysmuis: Ek dink jy moet hom vergewe, want weet jy, God het ons vergewe vir al ons stoute goed.
Lizzy: Haai Wysmuis, hoe het God dit gedoen?
Wysmuis: Weet julle Hy het vir Jesus, Sy eie Seun, gestuur om vir ons stoute goed aan die kruis te sterf. Al ons verkeerde goed en stoutgeit maak dat ons ver van God af voel. Maar toe kom Jesus en vat al daai slegte goed weg sodat ons enige tyd na God toe kan gaan sonder om sleg te voel.
Lizzy: So ons kan sê: Jesus kom bou 'n brug tussen ons en God!
Wysmuis: Ja! So ek dink julle moet mekaar maar vergewe, want God het julle vergewe.
Lizzy: Nou goed dan, Stoffel, ek vergewe jou en ek sal die lys weggooi.
Stoffel: Haai, dankie Lizzy. Ek is ook jammer ek het jou so geterg.
Wysmuis: Nou toe, nou kan almal weer gelukkig wees!
Almal: Totsiens!!! Tot volgende keer!!!

[Geskryf deur Danie Matthee. Aangepas deur Petru Vlok]